BEELD
Wednesday, 31 March 2010, p. 18

Malan ontroerend in waardige geselskap

Swanemeer
Joburg-teatersentrum (Mandela), Braamfontein
Maxine Denys

Angela Malan se eerste optrede in dié seisoen as Odette/Odile in die SA Ballet Theatre (SABT) se *Swanemeer* was bepalend in haar lang loopbaan waarin sy haar as ballerina onderskei het.

Dit is waarom sy erken word as Suid-Afrika se top-ballerina.

Malan se bedryf 2-tweepas was asembenemend; eenvoudig subliem. Sy het ontroer in haar identifikasie met die dubbele rol en 'n mens kan wel wonder of jy hier weer 'n vertolking in dié uitdagende rol van dié gehalte sal sien.

Raimond Martinov van Letland het drie dae voor dié opvoering in Johannesburg geland om Siegfried teenoor Malan te dans.

Nie baie tyd vir repetisies nie, maar dié opvoering was ook 'n bewys van hul ervaring en professionaliteit.

Dit is nou reeds lank dat Malan nie 'n dansmaat van haar statuur gegun is nie en sy moes dankbaar gewees het vir Martinov.

Hy is 'n ware prins Siegfried in sy lenige houding. Sy geruislose voetwerk is loutere plesier. Ongelukkig was hy ingeperk deur die grootte van die verhoog en moes sy variasies kortknip.

Dit het geen afbreuk aan sy teenwoordigheid gedoen nie.

Die oomblik dat Malan en Martinov in bedryf 2 begin dans, het die ballet in betekenis gegloei en 'n mens was elke oomblik geboei deur dié glinsterdanspaar.

In bedryf 3 is Malan se Odile so te sê perfek uitgevoer, met al die nuanse van 'n agterbakse spel en boosheid. In die slotbedryf was haar vertolking hartverskeurend en sy is tereg spontaan staande toegejuig; gewis 'n lofwaardige afskeid.

Hyun Kyung Cho was die hofnar, 'n veel meer gepaste en gemakliker rol vir hom as prins Siegfried. Hy was tegnies goed en het duidelik die komiese rol geniet.

Dit is jammer dat die driepas in bedryf 1 en die Russiese dans in bedryf 3 weggelaat is. 'n Geswore balletomaan vind die afwesigheid van dié sekwense 'n gemis. Chloë Grové en Guy Wheatstone het opnuut geskitter in die bedryf 1-wals.

Die vier klein en die groot swane was voortreflik, asook die *corps de ballet*, aangevul deur studente. Die SABT se Soweto-uitreikprojek het die twee oulike hofknapies opgelewer.

■ **Tot Sondagmiddag**

Kuns
'Die sirkus-lewe is 'n anderster soort lewe
Malan ontroerend in waardige geselskap